NG KERK REEBOK

SONDAG, 22 NOVEMBER 2026

Hou die aankondigings naby u Bybel - dit is ons gebedsgids

VANDAG SE PROGRAM

CHRISTUS DIE KONING SONDAG

07:40	Die **Samuel-gebedsgroep** bid vir die seën van die Here op die erediens.
EREDIENSTE	**08:00 Informele Erediens en 10:00 Tradisionele Erediens** Richard van Wyk **Skriflesing**: Openbaring 21 - 22 **Tema:** *"Die nuwe hemel: Ek wil met 'n lepel begrawe word."* **Spesiale Deuroffer:** *Kerkbode Kinderfonds* https://youtube.com/live/a_Q-tYJO8HE?feature=share
09:00	**JUNIOR EN SENIOR KATEGESE**

Kerssangdiens skakel https://youtube.com/live/HHp_7sFycdw?feature=share



- Baie welkom **alle nuwe lidmate**! Meld asseblief na afloop van die erediens aan op die stoep voor die **groot kombuis**. Stap by die saal se deur uit en draai **regs**, waar die persone betrokke by die Nuwe Lidmaat-bediening u sal ontvang en verwelkom.
- ***Belangrike kennisgewing**: As gevolg van die verbouings sal die **kombuis tot verdere kennisgewing nie in gebruik wees nie**. Geen koffie of tee sal tussen die twee eredienste bedien word nie.*

*U kan **u Dankbaarheidsoffergawe-bydrae** enige Sondag in Novembermaand na die kerk bring. U kan ook elektronies oorbetaal (verwysing 10de maand) asook 'n inbetaling by die kerkkantoor doen. Ons bedank elke lidmaat wat al bygedra het tot die Dankbaarheids-offergawe-bydrae. Dit staan tans op **R404 500**. Ons begrotnig is **R630 000.***

VERJAARDAGWENSE

Baie geluk aan:

- **Joey van Rooyen** (F1), vier vandag haar **81ste** verjaardag,
- **Willemien Conroy** (R1), vier23 November haar **89ste** verjaardag,
- **Dougie Douglas** (R24), vier 24 November sy **80ste** verjaardag,
- **Davie Caltiz** (Buitewyk), vier 25 November sy **82ste** verjaardag,
- **Hannes du Plessis** (F13), vier 25 November sy **81ste** verjaardag,
- **Annette Barnard** (R3), vier 26 November haar **84ste** verjaardag.

"Hy beskut jou onder sy vleuels en is vir jou 'n veilige skuilplek.
Sy trou beskerm jou aan alle kante." – Psalm 91:4

PROGAM VIR DIE WEEK

***Afsluiting DV Maandag, 30 November 2026 om 18:00** in die kerkgebou. Ons lees dan Levitikus 26 – 27.*

DINSDAG, 24 NOVEMBER 2026

18:00 **Beroepsvergadering** in die Gemeentesentrum. *Bid asseblief saam dat die Here ons sal lei in die besluit wat geneem moet word.*

WOENSDAG, 25 NOVEMBER 2026

***MANNEBYBELSTUDIE** (08:00) EN **GEBEDSGELEENTHEID** (18:00) SE JAARAFSLUITING*

DONDERDAG, 26 NOVEMBER 2026

11:00 TOT 12:00 **Bloeddruk-kliniek** in die Moederskamer. Hierdie is 'n gratis diens.

17:45 **Musiekgroep**

VOLGENDE SONDAG – 29 NOVEMBER 2026

EERSTE ADVENT-SONDAG

07:40

Die **Samuel-gebedsgroep** bid vir die seën van die Here op die erediens.

EREDIENSTE	**08:00 Informele Erediens en 10:00 Tradisionele Erediens** Chris de Wet **Skriflesing**: Openbaring 20:1-10 **Tema:** *"Tussen Jesus se oorwinning en sy finale triomf."* **Spesiale Deuroffer:** *Eljada Nasorgsentrum Oudtshoorn*
09:00	***KATEGESE JAARAFSLUITING***

OMGEE VIR MEKAAR... (In blokke ingedeel)

REEBOK WYKE R1 TOT R5

- **Magda de Goede** (R4B), sterk tuis aan na hospitalisasie.

REEBOK WYKE R6 TOT R11

- **Mouton Lötter** (R11), se moeder is ernstig siek in die Life Bay View hospitaal.

REEBOK WYKE R12 TOT R15

- **Pieter Rossouw** (R12), sterk aan na 'n operasie in George Medi-Clinic.
- **Tinkie Mouton** (R14), sterk aan na 'n voetoperasie in George Medi-Clinic.
- **Yvonne Kotze** (R16), sterk aan in Life Bay View hospital aan na 'n beroerte.

FRAAI-UITSIG WYKE F11 TOT F14

- **Wilna du Plessis** (F13), sterk tuis aan na 'n knievervanging.
- *Innige meegevoel aan **Gawie en Judy van der Westhuizen** (F11), met die afsterwe van Judy se moeder **Trudie van Vuuren (F11)**. 'n Gedenkdiens vir haar het Vrydagoggend vanuit ons kerk plaasgevind.*

TERGNIET WYKE T1 TOT T10

- **Jan Louw (T7)** is ernstig siek in Life Bay View hospitaal.

ALGEMENE INLIGTING

SUID-SOEDAN PADKAFEE

Ons jaarlikse Suid-Soedan Padkafee vind plaas op **Vrydag 18 Desember 2026 vanaf 11:00.** Vanaf ***Sondag 29 November*** sal kleinkoekies tussen die twee eredienste en ná die tweede erediens te koop wees.

- **Karel en Dorothy Grové** behartig die **boepens-broodjies (Jaffels).** Skenking van maalvleis sal waardeer word. Dankie vir u ondersteuning.
- Daar gaan 'n **heerlike poedingtafel** wees. Indien u wil help met die tafel kan u **Vrydagoggend teen 08:00** die oggend u klaargemaakte koue poedings na die kerksaal bring. *Ons vra asseblief ook vir langlewe vla.*

BEROEPSPROSES

Die aanlyn-onderhoude het Woensdag, 11 November 2026 plaasgevind. 'n Kortlys is saamgestel. Beroepsvergadering vind DV Dinsdag, 24 November 2026 plaas.

LERAARS- EN AMPTENARE SAKE
Chris de Wet – met verlof tot 25 November
Martina vd Berg – met verlof 26 & 27 November

Baie belangrik asseblief

Die verwysing van alle inbetalings moet asseblief **duidelik** wees, bv. maandbydrae, gewone kollekte, deuroffer, digitale uitsending, barmhartigheid, getuienis, jeug, boufonds, of enige ander saak. Nie u naam en van nie.

BANKBESONDERHEDE: NG REEBOK
LOPENDE REKENING: 404 908 7902
TAKKODE: 632-005

Snap here to pay

SnapScan